Tweede week in Lydenstyd

17 Maart

Fil.3:17-4:1

Wees my navolgers

Ysbreker

Watter persoon in jou lewe het vir jou die heel beste voorbeeld in jou lewe gestel, en hoekom sê jy so?

Loof en aanbid die Here

Lydenstyd is ons geleentheid om onsself nuut toe te wy aan ons Here. Ons dink aan Sy lyding en opoffering vir ons. Kom ons raak nou stil en dink aan Hom. Daarna sing ons liedere van aanbidding vir Hom. Iemand lees Psalm 27 voor en die res bid die woorde wat hulle tref, in hulle harte saam.

Woord

Is daar iets uit jou binnekamer van die afgelope week wat jou so getref het dat jy dit graag met jou groep wil deel?

Fil.3:17-4:1

1. Lees die woorde in hierdie gedeelte in stilte. Wat tref jou? Sien reeds hoe die woorde wat vir jou uitstaan jou lewe verander. Praat met die Here daaroor in die stilte.
2. Is Paulus verwaand? (vers 17) (Vgl. Ook 1Kor.4:16; 1Tim.4:12) Hoekom of hoekom nie? Wat leer ons uit hierdie versie?
3. Met watter probleme het die gemeente in Filippi geworstel? (Verse 18-19) *[Vyande van die kruis is gewoonlik mense wat die kruis van Jesus as nie genoeg of voldoende beskou het nie. Jy moet nog self ook iets doen, soos bv die besnydenis. Die kruis alleen is nie genoeg vir jou redding nie. Jy moet jou redding verdien met goeie werke. Die ander vyande was hulle wat geglo het dat ons redding net geestelik van aard is. Ons kan maar lewe net soos ons wil, maak nie saak watter voorbeeld ons stel nie. Hulle lewe ook asof hierdie lewe al lewe is. "Laat ons eet en drink en vrolik wees…" Dit lyk asof al hierdie mense deel was van die een gemeente in Filippi]*
4. Hoe lyk ons hede en ons toekoms? (Verse 20-21)
5. Hoe bemoedig Paulus die Gemeente in 4:1? Sou julle na hierdie woorde van Paulus sy navolgers wou wees?
6. Raak nou weer stil en lees die woorde wat jou aanraak, herhaal hulle in jou hart. Hoe verander hierdie woorde jou lewe?

Bedien mekaar

Draai nou 3-3 na mekaar toe. Deel julle behoeftes met mekaar en bid dan vir mekaar.

Uitreiking

Hoe gaan die groep mekaar help om al meer en meer die voorbeeld vir mense te stel sodat almal met wie ons in kontak kom, navolgers van Jesus sal word?